



Nuusbrief

9 Maart 2022

Liewe Ouers, Personeel en Leerders

Graag bring ek die volgende belangrike inligting onder julle aandag:

## 1. Beheerliggaam

Die SA Skolewet bepaal dat met die eerste vergadering van die jaar al die ampte vir die beheerliggaam weer vir die jaar verkies word.

Op 22 Februarie was die eerste vergadering. Die volgende lede is in die verskillende ampte verkies:

Mnr. Attie Bedeker	Voorsitter
Mnr. Johannes Jumat	Ondervoorsitter
Mnr. Marius Bezuidenhout	Tesourier
Mev. Carien Gericke	Sekretaresse
Mev. Izelle Bester	Ouerbetrokkenheid en kultuur
Mev. Frances Schröter	Dissipline
Mnr. Deleur Volschenk	Sport
Mnr. Wessel Pienaar	Koshuise en klere.
Mnr. Christo Vorster	Skoolhoof

Die twee onderwysers wat die opvoeders verteenwoordig is mevv. Susan van der Walt en Annaretha Louw.

Die volgende onderwysers is gekoöpteer:

Mnr. Chris Hattingh	Akademie
Mej. Retha Smith	Kultuur en akademie
Mnr. Piet Cloete	Sport
Mnr. Jacques Els	Fisiese geriewe

Die leerders word verteenwoordig deur Phillip Myburg en Mila Barnard.

Die bemarkingspersoneel van die skool asook die IT-personeel kry ook kwartaalliks geleentheid om aan die beheerliggaam terugvoering te gee.

Baie sterkte aan al die persone met die belangrike werk wat hulle in belang van die skool doen.

## 2. Eksamen

Die eerste kwartaal se eksamen begin op Maandag 14 Maart 2022. Graag versoek ek ouers om vir hul kinders die regte atmosfeer te skep, sodat hulle hul beste kan lewer. Eksamen moenie vrees by kinders skep nie. Dit moet as 'n geleentheid gesien word om hulself te verbeter. Dit is die graad 8-leerders se eerste formele eksamen in die hoërskool en ons vertrou dat dit met hulle sal goed gaan.



## **'n Paar wenke vir die eksamen:**

- 2.1. Goeie beplanning van jou tyd.
- 2.2. Goeie voorbereiding vir elke vraestel. Elke leerder moet seker maak hy/sy het die afbakening van die werk op skrif gekry.
- 2.3. Goeie ontbyt en 'n rustige omgewing as leerders skool toe gaan.
- 2.4. Bring die regte skryfbehoeftes skool toe. Dit skep onnodige spanning as leerders iets by die huis vergeet het.
- 2.5. Bring leerwerk saam skool toe. Daar is tyd om ook in die eksamenlokaal te studeer.
- 2.6. Leerders moet die vrae deeglik lees en seker maak wat hulle moet beantwoord.
- 2.7. Skryf netjies en leesbaar.

**Alle leerders moet elke oggend om 07:30 in hulle eksamenlokale sit. Die skool kom om 13:30 uit. Alle sport- en kultuuroefeninge moet teen 16:00 afgehandel wees. Die enigste uitsondering is die hokkiespelers wat op die astro oefen. Hulle het spesifieke tydgleuwe waarin hulle oefen.**

Die eksamenrooster is aangeheg.

## **3. Sosiale media**

Ons is bewus dat min mense sonder sosiale media kan klaarkom. Ons het die waarde tydens die pandemie beleef. Die skool het ook sy beleid verander dat die skool se groepe slegs deur twee of maksimum drie persone geadministreer word. Die onderwyser en twee leerders, wat gewoonlik die klaskaptein is.

Sommige leerders stig hulle eie groepe op verskillende platforms en plaas foto's van persone sonder hulle toestemming. Soms is die inhoud ook in baie swak smaak. In baie gevalle boelie sommige leerders ander persone.

Ondersoeke na die tipe sake neem baie tyd in beslag. Onderwysers het nie die tyd om elke dag die tipe sake te ondersoek nie. Om die gevare van sosiale media aan ons leerders te verduidelik, het die gr. 8- en 9-leerders op Dinsdag 8 Maart 2022 'n opleidingsessie wat deur die Publikasieraad aangebied is, bygewoon.

Ek doen 'n beroep op ouers om ernstige gesprekke met julle kinders oor die korrekte gebruik van sosiale media te hê.

## **4. Afwesighede van leerders:**

Hoërskool Outeniqua se leerders se teenwoordigheid is beter as voor die pandemie. Baie dankie aan elke ouer en leerder vir gereelde bywoning van skool.

### **Afwesighede vanaf 1 Februarie:**

1 Februarie 2022	Dinsdag	12,9% (213 leerders)
2 Februarie	Woensdag	7,5% (124)



# OUTENIQUA HOËRSKOOL • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530  
TEL: 044 874 4156 FAKS / FAX: 044 874 4188 OR / OF: 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

3 Februarie	Donderdag	4,6% (76)
4 Februarie	Vrydag	8,1% (134)
8 Februarie	Mandag	6% (100)
9 Februarie	Dinsdag	9% (150)
10 Februarie	Woensdag	6,7% (111)
11 Februarie	Vrydag	7,9% (131)
14 Februarie	Maandag	6,7% (111)
15 Februarie	Dinsdag	7,3% (122)
16 Februarie	Woensdag	7,8% (129)
17 Februarie	Donderdag	7,2% (119)
18 Februarie	Vrydag	9,9% (165)
21 Februarie	Maandag	5,7% (94)
22 Februarie	Dinsdag	2,8% (47)
23 Februarie	Woensdag	3,1% (51)
24 Februarie	Donderdag	2,8% (47)
25 Februarie	Vrydag	5,5% (92)
28 Februarie	Maandag	3,4% (57)
01 Maart	Dinsdag	2,9% (48)
02 Maart	Woensdag	3,1% (52)
03 Maart	Donderdag	4,3% (71)
04 Maart	Vrydag	7,2% (120)
07 Maart	Maandag	5% (83)

In die middel van Februarie was daar 'n maagvirus in George en was baie personeel en leerders siek. Bogenoemde statistiek toon 'n groot verbetering. Ek skryf dit aan die volgende toe:

- Leerders wil graag skool toe kom.
- Die registeronderwysers en graadhoofde volg die afwesighede op.
- Daar word produktief in die klasse gewerk.

Die afwyking op Vrydae en Maandae kan egter nog verbeter.

## 5. Jheerlik koffiewinkel en deli

Ons is baie dankbaar dat die beheerliggaam en die eienaars van Jheerlik 'n kontrak gesluit het. Graag gee ons die volgende reëlins ten opsigte van die koffiewinkel:

- Ouers is welkom om die koffiewinkel in die oggend vanaf 07:00 – 09:00 en middag vanaf 13:00 – 18:00 te besoek.
- Ouers mag nie tydens pouses saam met hulle kinders in die koffiewinkel wees nie.
- Die snoepie sal van Donderdag 3 Maart 2022 ook tydens pouses oop wees. Dus sal daar 'n goedkoper opsie vir snoeperye wees.

## 6. Verkeer op en om die skool

Een van die grootste frustrasi by die skool is die verkeer. Daar is twee verkeersingenieurs aangestel om die situasie te evalueer en met 'n oplossing te kom.



# OUTENIQUA HOËRSKOOL • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530  
TEL: 044 874 4156 FAKS / FAX: 044 874 4188 OR / OF: 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Hulle sal met die munisipaliteit onderhandel. Ons versoek alle padgebruikers om asseblief versigtig te bestuur en die nodige geduld met die situasie te hê.

Alle leerders wat met fietse skool toe kom, moet asseblief van Maandag 7 Maart in die nuwe area by die tennisbane, hulle fietse parkeer. Alle fietse moet asseblief met 'n slot gesluit wees. Besoekers (tussen 07:30 en 14:15) moet vanaf Maandag 7 Maart 2022 die voorste hek in Courtneystraat gebruik. Hulle kan dan ook vinniger by die ontvangs uitkom om na die regte persoon geneem te word.

## 7. Heropening van skole

Daar was 'n versoek dat die skool reeds 4 April 2022 in plaas van 5 April 2022 sal begin. Daar vind egter baie aktiwiteite tydens die vakansie plaas en die skool sal soos al die ander skole van die kusprovinsies op Dinsdag 5 April 2022 begin.

Kwagga groete.

C. P. Vorster  
Skoolhoof

	12	11	10	9	8
Maandag 14 Maart	WISK / WG	FW / GESK / BESIG	GEO/VS/DRAMA/GAS/IT/RTT	TEGNOLOGIE ENGELS	AFRIKAANS VR 3 AFRIKAANS
Dinsdag 15 Maart	ENGELS VRAESTEL 3 (FAL) ENGELS	AFRIKAANS VRAESTEL 3 AFRIKAANS	REKENINGKUNDE / VIS KUNS	NW FW	GESKIEDENIS
Woensdag 16 Maart	LEWENSWETENSKAP	REKENINGKUNDE / VIS KUNS	EKO / LAND / TOER / IGO	SKEPPENDE KUNS	NW LW
Donderdag 17 Maart	IT PRAKTIES ONTWERP	ENGELS	AFRIKAANS VRAESTEL 3 AFRIKAANS	WISKUNDE	SKEPPENDE KUNS
Vrydag 18 Maart	RTT PRAKTIES GEO/VS/DRAMA/GAS/IT/RTT	LEWENSWETENSKAP	WISK / WG	GESKIEDENIS	EBW
Dinsdag 22 Maart	FW / GESK / BESIG	EKO / LAND / TOER / IGO	LEWENSWETENSKAP	GEOGRAFIE	WISKUNDE
Woensdag 23 Maart	REKENINGKUNDE / VIS KUNS	RTT PRAKTIES GEO/VS/DRAMA/GAS/IT/RTT	ONTWERP	AFRIKAANS VR 3 AFRIKAANS	TEGNOLOGIE ENGELS
Donderdag 24 Maart	EKO / LAND / TOER / IGO	IT PRAKTIES ONTWERP	FW / GESK / BESIG	NW LW	GEOGRAFIE
Vrydag 25 Maart	AFRIKAANS	WISK / WG	ENGELS	EBW	NW FW

Skool begin om 7:30 en verdaag om 13:30.  
Skool sluit Vrydag 25 Maart om 10:30.